











**VRYDAG**
26 April 2024
Volg ons op Facebook (@067triangle)
Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

# oh!sixseven
central northern areas

## Ds. Jan tuis ná 50 jaar



**"Ek het nie gekom om af te tree nie, maar om aan te tree. 'n Sanger tree óp!**

"Ek wil oraloor die land toer, mense bemoedig - ook op die klein plekkies op die platteland."

Só gesels die bekende dominee Jan de Wet, wat tuis is na 50 jaar in Suid-Afrika en nou op Swakopmund woon.

"Daar is vir my niks lekkerder as om die woord te bedien nie. Solank my kragte hou en ek gesond is,

Na bladsy 2





Die toer bestaan uit 'n Chevrolette Corvette, Ford Mustang, Mercedes Benz, Ford Falcon, Ford Fairlane en Ford Galaxie uit die jare 1965 tot 1984.

# Vuurwa-toer besorg nostalgie

**'n Groep vriende se toer met klassieke motors verby vyf noorde-ouetehuise het vir gróót nostalgie gesorg.**

Terselfdertyd is skenkings van N$2 000 tot N$4 000 uit die groep se eie sak aan elke tehuis gemaak. "Ons is 'n groep vriende met 'n passie vir klassieke, ouer motors.

"Ons het op 8 April by die ouetehuis op Omaruru weggespring en daarna ook by die ouetehuise op Outjo, Tsumeb, Grootfontein en eindelik op 12 April op Otjiwarongo gestop," sê Omaruru se Simon van Zyl.

Hy sê die klassieke motors trek onmiddelik die mense in die strate se aandag as hulle deur die dorpe ry.

"Veral die ou ooms raak baie nostalgies oor die karre. Van hulle het sulke voertuie besit. Dit maak vir heerlike, humoristiese gesprekke," vertel Simon.

"Ons wil 'n jaarlikse instelling

Na bladsy 2



Vanaf bladsy 1

doen ek dit. Ek word nou 75, maar ek voel nog lekker jonk!"

Hy het op Saterdag en Sondag 6 en 7 April 'n draai op Grootfontein kom maak, waar hy tydens 'n boerdag oor "moedhou, kophou, bekhou en aanhou" met boere gepraat het en daarna 'n diens in die dorp se AGS-kerk gehou het.

"Die ergste wat met jou kan oorkom is nie moeilike omstandighede of die droogte nie, maar dat jy nie meer kans sien om aan te gaan nie.

"'n Ou Afrikaanse slagspreuk lui só: 'As jy jou geld verloor, het jy iets verloor. As jy jou gesondheid verloor, het jy meer verloor. As jy 'n geliefde verloor, het jy báie verloor. As jy egter moed verloor, het jy alles verloor," het hy aan die gehoor gesê, met mense wat tot die einde van sy praatjie aan sy lippe gehang het.

Ds. Jan het sy loopbaan as 'n Afrikaans-onderwyser vanaf 1973 tot 1975 op Otjiwarongo begin, waarna hy Suid-Afrika toe is om teologie te gaan studeer.

Sy webwerf sê hy was 'n NG-predikant by 'n Somerset-Wes-gemeente, voor hy in 1983 met onafhanklike musiekbediening begin het en so ver as in Amerika, Duitsland, Switserland, Nederland, België, Frankryk, Nieu-Seeland, Australië en die Verenigde Koninkryk gaan sing het. Terwyl hy vir talle noorde-kinders skool gehou het, sal vele jonges hom onthou as die "dominee op die TV" wat verskeie godsdienstige liedere saam met kinders gesing het.



Ds. Jan de Wet bemoedig boere op 6 April.

"Toe ek destyds op Otjiwarongo skool gehou het, het ek opgelet baie kinders praat van 'n 'hose pipe' in stede van 'n tuinslang.

"In 'n toets vra ek toe hulle moet 'n sin met die woord 'tuinslang' maak.

"Een outjie skryf: Ek het 'n groot tuinslang in ons tuin gekry, toe gaan haal my pa die 'hose pipe' en slaan hom morsdood!"

## Hoop

Tydens die boeredag het hy na Romeine 15:13 verwys en aan boere vertel God is hulle hoop – ook in tye van droogte en moeilike omstandighede.

Dit is egter die gelowige se werk én keuse om moed te hou. "As jy die mosterdsaad van geloof het, kan ek sien dat jy selfs in die droogte nog geloof, hoop en moed het."

Hy het bygevoeg boere moet "kophou" deur nie negatiewe gedagtes toe te laat nie en verwys na Romeine 12 waar Petrus sê 'laat jul lewe vernuwe word deur die vernuwing van jul denke'.

## Vrees

"Die Bybel sê 'moenie vrees nie'. 2 Timoteus 1:7 sê God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. Die oorspronklike woord is *sóphronismos*, wat na Engels as 'n 'sound mind' vertaal. Dit beteken die gelowige se kop bly 'ingehaak' as al die ander ouens s'n 'uithaak'!

Wees vasbeslote om te wen. Die Bybel sê wie volhard tot die einde toe, kry die oorwinnaarskroon."

Ds. Jan sê jy moet ook 'bekhou' en waak oor negatiewe woorde. "Ek ken 'n ou omie wat altyd positief is oor sy ouderdom. Hy sê jy is oud as jou neus loop, maar jou bene wil nie. Of as jou rug meer uitgaan as jy. Of as jy jou hare op jou kop verloor en jy groei dit deur jou neus! Daar is drie dinge wat gebeur as jy oud word. Die eerste is, jy begin vergeet. En die ander twee kan ek nie onthou nie!"

Vanaf bladsy 1



Die toergroep op Grootfontein. Foto's verskaf.

van die 'road trip' maak. Dit het verlede jaar begin met 'n toer tot op Lüderitz, waartydens ons ook skenkings aan ouetehuise gemaak het.

"Ons is van mening as ons geld op die voertuie kan spandeer, kan ons ook geld vir 'n goeie saak skenk," sê hy.

Simon, wat sê hy woon tussen Omaruru en Walvisbaai, het op Omaruru die Traffic Cars winkel gehad waar klassieke karre restoureer is. Alhoewel die winkel sy deure vroeg vanjaar gesluit het, leef Simon en sy vriende se passie vir klassieke karre voort.

"Ons hoop om volgende jaar dalk 'n sloertoer na die Ooste aan te pak. Ons doen dit gewoonlik tussen Maart en April en adverteer dit wyd en suid. Mense wat graag ook iets deur ons wil skenk, is welkom."



The Farm Shop

Restaurant, Bar, Accommodation

Freshly Produced Organic Vegetables and Fruit

Grootfontein, Meteorite Road, just 800m from the tare road.

For more info's please call Ulf or Usia 0817237388

# Byeboere maak geskiedenis



**Terwyl planne vir 'n gemeenskapsbyeplaas op Otjiwarongo klaarblyklik vlamvat, het Namibiese byeboere die afgelope week geskiedenis gemaak toe die grootste aantal byekorwe nóg vir bestuiwing op Rundu se bloubessielande uitverhuur is.**

Otjiwarongo se Dieter Radeck (foto), sekerlik die grootste byeboer in die land, staan aan stuur van die inisiatief om sowat honderd byekorwe vir bestuiwingsdoeleindes aan Mashare te verhuur. Dieter het ook ander kleiner en jongboere ingekry om hom te help. Dit sluit in Chris Lemmer, 'n jong byeboer uit Windhoek wat self tien kaste na Mashare sal stuur.

"Ek kan nie 'n honderd kaste alleen hanteer nie," sê hy. Dieter besit tans sowat 180 byekaste – dit het ietwat verminder weens vanjaar se uitmergelende droogte.

Die verskuiwing van byekorwe oor bykans 500 km tot by Rundu laat hulle egter met groot logistieke uitdagings, juis omdat bye in die nag vervoer word. "Ons moet altyd die eindbestemming bereik voor die son sewe-uur opkom. Dit word in die nag gedoen, want die bye is bedags aktief. As jy in die dag met 'n lorrie bye deur byvoorbeeld Tsumeb se hoofstraat ry, sal niemand daar kan bly staan nie – die bye sal te kwaai wees," lag hy.

Dieter verduidelik die bye is gewoonlik ook kwaad as hulle by 'n nuwe plek afgelaai word. "Vir die eerste twee tot drie dae kan geen mens by die boorde kom nie. Ons Namibiese bye is werklik van die mees aggressiewe bye ter wêreld," sê hy.

Hy sal voorts twee-weekliks 'n besoek aan Mashare aflê om seker te maak dit gaan goed met die bye. "Bloubessies bied nie werklik goeie kos vir bye nie, jy moet hulle nog steeds voer. Die bye sal tussen agt en tien weke daar bly," sê hy.

Hy sê plaaslik word byekorwe vir N$1 000 tot N$1 800 per week uitverhuur, maar dat brandstofpryse en ander onkoste dit 'n moeilike som maak. In Suid-Afrika word bye R1 800 tot R2 500 per week uitverhuur.

### Byeplaas

Dieter het reeds in 2023 in 'n brief 'n voorstel aan die munisipaliteit op Otjiwarongo gemaak vir 'n gemeenskaplike byeplaas by die dorp, waar inwoners en byeliefhebbers hul korwe kan aanhou, terwyl dit ook as 'n plek kan dien waar skole en belangstellendes oor bye kan leer.

Hy sê die dorp ervaar baie probleme met bye wat verwyder moet word en hyself het nie meer plek, tyd of geld om die bye aan te hou wat hy verwyder nie. Sy eie korwe hou hom voltyds besig.

"Die goeie nuus is, die munisipaliteit het 8 ha se grond vir die gemeenskaplike byeplaas toegestaan teen 'n huurprys van sowat N$100 per maand. Sover ek weet is dit 'n eerste vir Namibië. Nie net is dit goed vir die omgewing nie, maar ook vir die bye en byeboere wat nie plek het om hul korwe aan te hou nie. Dalk kan ons op die manier meer byeboere maak en selfs werk skep!" sê Dieter.

## 067-community take stand against crime



Several horse saddles, bridles, and equipment worth more than N$100 000 were recovered after being stolen on Sunday night 14 April from the Chahanic Equestrian Center on a farm outside Grootfontein.

However, prompt action by a neighborhood watch from the town's informal settlement Blikkiesdorp, calling themselves the Community Against Crime, as well as private individuals and security companies led to the arrest of the alleged thief.

At the same time the nine horse saddles and other stolen equipment were recovered sucessfully.

The center, owned by Chanté Nell and Megan Wise and often the place where children receive horse riding lessons, offered a N$10 000 reward for information leading to the successful apprehension of the alleged thief.

It was decided the money will be paid out to the Community Against Crime group.

Chanté thanked those involved - naming Jeremia Ulika, Rinus Ras and Johannes Kriel, who took the lead, as well as the anti-poaching Belgian Melanois dog, Troy.

Troy was injured by two gun shots during the operation.

# 067: The (only) home to a very rare fish

**In the heart of the 067-valley lies a hidden gem – the golden gave catfish – so rare that it is find nowhere elso on earth. As far as it is known, it can be one of the rarest fish on earth.**

### Exlusive

This small fish (Clarias cavernicola), that grows as big as half a school ruler (up to 16,1 cm), is an exclusive resident of the Aigamas cave, with some reported sightings in the neighboring Dragon's Breath Cave in the vicinity of Tsumeb and Grootfontein .

### Blind

These elusive creatures have a distinct lack of pigmentation. Their tiny eyes, covered with skin, suggest that they may be effectively blind. But then again, why would you need to see if you swim in the pitch black water in an underground cave for your entire life?

This air-breathing catfish is a true marvel, but could be facing the risk of extinction as it is estimated that there are only 200 to 400 of these individuals in existence.

It also holds the title of being the sole known cavefish in mainland Southern Africa.

### Lifestyle and diet

Adapting to life in the dark, these cavefish rely on detritus and invertebrates falling into the lake of the cave for food.

With limited information available, it remains a mystery how these unique creatures reproduce. Attempts to breed them in captivity ended in failure.

### Huge significance

While the golden cave catfish may be small in size, its significance looms large in the biodiversity of Southern Africa.

Preserving this creature is not just about saving a species, but also about maintaining the delicate balance of nature in the Aigamas cave and beyond.







Supplier of:
ERDVARK
DROTSKY
Landini
Farming Equipment JUPIDEX. Member of the PLENNEGY GROUP
KUHN
KRONE
FIELDKING
RovicLeers
HARDI
MONOSEM
McCORMICK
RADIUM
Burquip
SOUTHTRADE IMPORTERS & DISTRIBUTORS OF AGRICULTURAL MACHINES 60






*Front page strip - N$400*
*Strip on other pages - N$350*
*Full page - N$800*
*Half page - N$600*
*Quarter page - N$400*
*Double page spread - N$1300*

**Booking deadline: 17 May '24**

**NEXT EDITION: 24 MAY 2024**

081 219 8949
067triangle@gmail.com
www.ohsixseven.com

### Fundraising Dementia Centre Hentisbay

This fundraising is Organised by the Lions Club Grootfontein and supported by the Lions Clubs in Tsumeb, Huntisbay, Swakopmund and Windhook. Our aim is to sell 1000 raffle tickets for N$100 each. We will raise N$100,000 This amount is going to 100% to the Dementia Centre as all prices are sponsored and all admin cost are covered by the Lions Club and his members. Together with you – we can make a big change. Please order your tickets and, support a great project and have a good chance to win a fabulous price. Please contact Johann 0811247617 or Ulf 0817237388 to order your tickets.

**Terms and Conditions for the raffle draw**

Raffle tickets must be purchase not later than 18th May 2024.
For an amount of **N$100,** the holder of a ticket qualifies to participate in the raffle draw of the following:

- Two nights for two people at Mount Etjo, including lunch, dinner, breakfast and tea/coffee and cake, a game drive lion feed. **Sponsor Mount Etjo Safari Lodge**
- Two nights for two people plus a breakfast Cruise on the Kavango river. **Sponsor Mahango Lodge**
- Two nights for two people, B/B or two nights for four people self catering. **Sponsor Mukuku Camp Kavango**
- Three-day Eland bull (non trophy) hunt. **Sponsor by SMJ Safaris – Grootfontein**
- Two night one hunting day – Zebra and Sprinbok. **Sponsor by Elandpro Safaris – Grootfontein**
- One sheep carcass. **Sponsored by Kaspar Gunzel**
- One sheep carcass. **Sponsored by Jors Robberts**
- N$2,000 cash. **Sponsored by Tracking Namibia Safaris**

**The draw will take place on 25 May 2024.**
Winners will be contacted by us. The decision of the judges is final.

This advertisement space has been sponsored by 067. Thank you for your support.




# NEW STOCK

Sniper T-Shirt/Hats, Kiddies Gaiter, Lumeno products and more!

## NORTHERN ARMS & AMMO

26, Sam Nyoma Drive
P.O Box 1185 Grootfontein Namibia

+264 (0)67 - 243469
naa@iway.na

# Calender of events

Want to publish your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




**1 May 2024**
Worker's day

**4 May 2024**
Cassinga day

**9 May 2024**
Acsension day

**24 - 25 May 2024**
Tsumeb Endurance Club, Farm Bergen

**25 May 2024**
Africa Day

























